

E R R A T A.

- Bls. 20 Kuddeverlies- Plaas 2 en 8 moet wees plaas 4 en 8.
Bls. 22 Konstante koste per gelling moet wees gelyke koste per gell.
Bls. 28 Paragraaf (b) - Met uitsluiting van Ondernemersloon.
Bls. 29 Paragraaf (c) (ii) - Bylaag No. 17.
Paragraaf (c) (iii) - Laat sommer weg.
Bls. 39 ~~Besit~~ moet wees beset.
Bls. 40 Bylaag No. 17 op bladsy 74 moet wees bylaag No.17 op bladsy 74 en 75.
Bls. 48 Produksiekostestate op bls. 65 tot 73.
Bls. 49 Voeg " 2% van die kosprys en 1.9% van die verkoopprys van versmelk" na gell in par.(v) by.
Bls. 50 Produksie en die verbruik moet wees produksie en verbruik.
Bls. 53 Eerste reël - R16.1C moet wees 16.10c.
Bls. 53 Paragraaf (iii) - 26.60c per gell moet wees 26.66c per gell.

K O S P R Y S

T.O.V.

M E L K P R O D U K S I E

MET

S P E S I A L E V E R W Y S I N G

NA DIE

R Y S M I E R B U L T S T R E E K

**KOSPRYS T.O.V. MELKPRODUKSIE
MET SPESIALE VERWYSING NA DIE
RYSMIERBULTSTREEK**

deur

REYNOLD BENJAMIN FOURIE
Honns. B.Comm. (P.U. vir C.H.O.).

**Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die
vereistes vir die graad**

MAGISTER COMMERCII
(Kosteberekening)

in die

FAKULTEIT VAN EKONOMIESE WETENSKAPPE

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

Onder leiding van prof. dr. J. H. Els

Potchefstroom.

Januarie 1967,

Opgedra aan my vrou ELIZABETH
en seuns BENNIE en JACO asook
my MOEDERS vir al die opofferings
wat hulle hulle getroos het gedu-
rende al die jare van my studie.

ERKENNING

My opregte dank aan die Transvaalse
Varsmelkprodusente vir die beurs
wat hulle aan my gegee het.

Die menings wat hierin uitgespreek
word, is my eie.

V O O R W O O R D

In die eerste plek my hartlike dank aan prof. dr. J.H. Els onder wie se leiding hierdie studie plaasgevind het en wat my op so 'n uiters bekwame wyse gelei en geïnspireer het. Dit was 'n besondere voorreg om onder hom te studeer.

In die tweede plek my opregte dank aan prof. dr. A.J.E. Sorgdrager van wie ek vir baie jare onderrig ontvang het en deur wie se inspirasie ek hierdie M.Comm.-studie aangepak het.

Aan die volgende boere my innige dank vir alles wat hulle tot my beskikking gestel het en wat vir my 'n besieling was in my studie.

1. Mnr. M.A.L. v.d. Walt, Rooiwal, Rysmierbult.
2. Mnr. P.J. Els, Witkoppies, Rysmierbult.
3. Mnr. R. Clark, Samekoms, Rysmierbult.
4. Mnr. J.B. van Staden, Rysmierbult.
5. Mnr. J.F. Oosthuizen, Hanlezer, Carletonville.
6. Mnr. J.M. Oosthuizen en Seun, Morgenzon, Derby.
7. Mnr. G.C. Oosthuizen, Posbus 59, Ventersdorp.
8. Mnr. W.N. v.d. Schyff, Posbus 240, Ventersdorp.
9. Mnr. A.P.L. Kotze, Witrandjiesfontein, Ventersdorp.

Vir die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek wil ek bedank vir hulle aandeel in hierdie studie.

My dank aan mej. N.S.A. Gouws van die Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark vir die korrekte tikwerk, mnr. C.L. Grimbeek van die Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark vir die taalkundige versoring asook Pro Rege Pers, Bpk., Potchefstroom vir die gratis gebruik van hulle afrolmasjien.

Graag wil ek ook aan al die ander persone en instansies wat gehelp het, my dank betuig vir hulle vriendelike hulp i.v.m. hierdie onderwerp.

AAN GOD ALLEEN AL DIE EER.

R.B. FOURIE.

POTCHEFSTROOM.
Januarie 1967.

I N H O U D S O P G A W E

Bladsy.

Erkenning	-iv-
Voorwoord	-v-
Lys van tabelle	-viii-
Lys van diagramme	-x-

<u>INLEIDING EN DOEL VAN ONDERSOEK</u>	1
--	---

<u>HOOFSTUK I</u>	7
-------------------------	---

Gebiedsoms krywing en terminologiese verantwoording.

<u>HOOFSTUK II</u>	11
--------------------------	----

Materiaal.

1. Voer.
2. Lewende Hawe.

<u>HOOFSTUK III</u>	25
---------------------------	----

Arbeid en Ondernemersloon.

<u>HOOFSTUK IV</u>	30
--------------------------	----

Bokoste en Vervoerkoste.

<u>HOOFSTUK V</u>	42
-------------------------	----

Winste en verliese.

1. Koste, volume winsverhoudings.
2. Resultaatrekening.

<u>HOOFSTUK VI</u>	50
--------------------------	----

Slotopmerkings en aanbevelings.

<u>BYLAES</u>	56
---------------------	----

<u>ENGLISH SUMMARY</u>	105
------------------------------	-----

<u>LYS VAN AANGEHAALDE EN GERAADPLEEGDE WERKE .</u>	106
---	-----

LYS VAN TABELLEBYLAAGBLADSYNO.

1.	Melkkudde en waardasie soos op 1 Januarie 1966.	56.
2.	Melkkudde en waardasie soos op 31 Desember 1966.	57.
3.	Kuddewins of -verlies vir die jaar geëindig 31 Desember 1966.	58.
4.	Vergelykende staat - voer, kuddewinste en -verliese.	60.
5.	Voer geproduseer - 1 Januarie 1966 - 31 Desember 1966.	61.
6.	Totale voer verbruik - 1 Januarie 1966 - 31 Desember 1966.	63.
7.	Staat van totale inkomste vir nege plase.	64.
8.	Inkomste- en uitgawestaat - Plaas no. 1	65.
9.	" " " " " 2	66.
10.	" " " " " 3	67.
11.	" " " " " 4	68.
12.	" " " " " 5	69.
13.	" " " " " 6	70.
14.	" " " " " 7	71.
15.	" " " " " 8	72.
16.	" " " " " 9	73.
17.	" " " Totaal vir nege boere.	74.
18.	Koste-items as persentasie van totale pro- duksiekoste. (Ondernemersloon ingesluit).	76.
19.	Koste-items as persentasie van verkoopprijs (ondernemersloon ingesluit).	77.
20.	Vergelykende produksiekostestaat - onder- nemersloon ingesluit.	78.
21.	Vergelykende produksiekostestaat - onder- nemersloon uitgesluit.	79.

BYLAAGBLADSYNO.

22.	Samestelling en Funksies van Melkraad	80.
23.	Gemiddelde daaglikse produksie volgens vier gebiede.	84.
24.	Gemiddelde daaglikse verbruik volgens vier gebiede.	85.
25.	Gemiddelde varsmelkprys vir produsente 1962 - 1965.	86.
26.	Persentasie toedeling van surplusmelk 1964/1965.	87.
27.	Maandstaat Melkraad - Januarie 1966.	88.
28.	" " - Februarie 1966.	89.
29.	" " - Maart 1966.	90.
30.	" " - April 1966.	91.
31.	" " - Mei 1966.	92.
32.	" " - Junie 1966.	93.
33.	" " - Julie 1966.	94.
34.	" " - Augustus 1966.	95.
35.	" " - September 1966.	96.
36.	" " - Oktober 1966.	97.
37.	" " - November 1966.	98.

LYS VAN DIAGRAMME

<u>NO.</u>		<u>BLADSY</u>
1.	Kaart van plase.	59.
2.	Gemiddelde daaglikse produksie en verbruik vir die jaar geëindig 30 Junie 1965- Kaapse skiereiland-gebied.	99.
3.	Gemiddelde daaglikse produksie en verbruik vir die jaar geëindig 30 Junie 1965- Pretoria gebied.	100.
4.	Gemiddelde daaglikse produksie en verbruik vir die jaar geëindig 30 Junie 1965. Bloemfontein-gebied.	101.
5.	Gemiddelde daaglikse produksie en verbruik vir die jaar geëindig 30 Junie 1965- Witwarersrand-gebied.	102.
6.	Produksiekoste, verkoopprijs, winste en verliese (Ond ernemersloon uitgesluit) Totaal vir nege boere.	103.
7.	Produksiekoste, verkoopprijs, winste en verliese. (Ondernemersloon ingesluit.) Totaal vir nege boere.	104.

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN ONDERSOEK

1. INLEIDING:

'n Vergadering van die boerevereniging van Ventersdorp is aan die begin van die jaar toegespreek deur mnr. Visser, voorsitter van die Melkraad (vir samestelling en funksies sien bylaag no.22 bl.80).

Na aanleiding van die redevoering van mnr. Visser op hierdie vergadering, het lede van die Samekoms-boerevereniging besluit om 'n produksiekoste-opname van varsmelk te maak. Genoemde lede het daarop by prof. J.H. Els van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. om hulp aangeklop i.v.m. so 'n produksiekoste-opname. Prof. Els het aan die hand gedoen dat 'n nagraadse student die saak kan aanpak en die skrywer het toe besluit om onder leiding van prof. Els en in samewerking met die boere so 'n opname te maak.

Op 2 Mei 1966 is 'n vergadering aan die huis van een van die lede van die Samekoms-boerevereniging gehou waarop tot die stigting van 'n studiegroep, bestaande uit prof. Els, varsmelkprodusente en skrywer hiervan oorgegaan is. Die doel van hierdie studiekomitee was om die produksiekoste van varsmelk te bepaal.

2. PROBLEEMSTELLING:

Daar word vandag verskeie landbouprodukte in die Republiek van Suid-Afrika bemark. Daar is wel in die verlede opnames van produksiekoste i.v.m. landbouprodukte gemaak. Hier word gedink aan koring, mielies, melk, ens.

In 1956/57 is daar 'n „Ekonomiese ondersoek van die fabrieksmelkproduksie in vier suiwelgebiede gemaak" en 'n verslag daaroor is deur die Departement van Landbou-Ekonomie en -Bemarking gepubliseer. In 1958 is daar 'n boekie getiteld „Metode van berekening van Melieproduksiekoste" deur die afdeling Ekonomie en marke van die Departement van Landbou-Ekonomie en -Bemarking gepubliseer.

In die „Landbouweekblad" het die volgende berig op 31 Mei 1966 op bl. 25 verskyn:

„As die nuwe nywerheidsmelkpryse op 1 Junie aangekondig word, sal die verskil in prys tussen melk vir kondensmelkdoeleindes en kaasmelk baie kleiner wees as op die oomblik, het mnr. W. Maree, hoofbestuurder van die Suiwelraad, op die kongres van nywerheidsmelkprodusente in Bloemfontein gesê.

Hy het ook verklaar dat die Suiwelraad nou ernstige oorweging skenk aan een sentrale raad vir vars- en nywerheidsmelk. Die vraagstuk sal na verwagting meer akuit word sodra boerderytoestande na die normale terugkeer en die produksiekoste van nywerheidsmelk styg.

Spr. het op 'n vraag in verband met die vaststelling van die melkprys gesê dat 'n opname van die produksiekoste van melk laas in 1949 gedoen is. Sedertdien is net die stygende neiging van produksiekoste in berekening gebring.

Mnr. Maree het egter daarop gewys dat sy raad nog nooit daarin kon slaag om enige leidraad uit produksiekoste-opnames te kry nie. Die syfers vir die produksie van 'n gelling melk het van boer tot boer verskil en het gewissel van 5c tot 25c per gelling."

As die stygende neiging van produksiekoste vir die berekening van melkpryse mag geneem word, volgens genoemde spreker, dan moet daar tog iewers so 'n produksiekostestaat bestaan wat as basis geneem word. Die vraag wat nou onwillekeurig hier ontstaan is „wat word onder stygende neiging verstaan"? Dit is 'n baie breë begrip en hierdie

„stygende neiging" sal beslis verskil van plek tot plek.

Ook in 1947/48 het prof. F.R. Tomlinson 'n ekonomiese studie van varsmelkboerdery in Natal en Witwatersrand gedoen en gepubliseer.

Hierdie bogenoemde opnames wat gemaak is, is reeds verouderd.

3. DOEL:

Die doel van hierdie studie is om die produksiekoste van varsmelk op 'n wetenskaplike basis by wyse van opnames, by 'n aantal varsmelkprodusente in die Rysmierbult omgewing te bepaal. (Sien hoofstuk I vir gebiedsomskrywing).

Verder word daar be-oog om met hierdie studie veldverkenning te doen en te poog om 'n grondslag te bepaal vir toekomstige streeks-, provinsiale- en Nasionale opnames in die Republiek van Suid-Afrika.

4. METODE VAN ONDERSOEK:

Skrywer hiervan het sover moontlik maandeliks die boere besoek waar gegewens i.v.m. die produksiekoste van varsmelk ingewin is. Hierdie gegewens is op die maandelikse vraelys (sien bls. 107, 108, 109.) aangeteken wat vir die doel afgerol is. Op hierdie lys het besonderhede verskyn aangaande die inkomste uit melkverkope, melk op die plaas verbruik, room verkoop en ook alle koste wat direk in verband met melkproduksie gestaan het.

Benewens bogenoemde lys was daar ook 'n jaarlikse opname-vraelys (bladsy 112, 113) wat deur die boere by

hulle huis gehou is en ingeval is. Op hierdie lys het die staat van bates verskyn o.a. melkkudde op 1 Januarie 1966, melkkudde op 31 Desember 1966, alle implemente en toerusting wat in verband met melkboerdery gebruik is asook kuilvoertorings, morge bewerk en grootte van stalle. Voorbeelde van hierdie vraelyste verskyn op bl. 107 tot 113.

Afgesien van die maandelikse en jaarlikse vraelyste, is daar ook gereeld vergadering gehou deur die studiekomitee op Rysmierbult en Ventersdorp. Op hierdie vergaderings is probleme soos voerkoste, ondernemingsloon, waardevermindering, vaste koste, veranderlike koste, grootmaak van kalwers, markpryse van beeste ens. bespreek en gepoog om dit op te los.

5. VERGELYKING:

Sonder dat die studiekomitee daarvan bewus was, het dit op dieselfde wyse te werk gegaan as die „Milk Marketing Board“ in Engeland wat hulle sogenaamde „Low Cost Production“ opnames doen. Een van die lede van die studiekomitee het gedurende Julie 1966 'n besoek aan die „Milk Marketing Board“ gebring. Hier het hulle aan hom verduidelik dat een van hulle werknemers gereeld maandeliks die boere besoek. By hierdie geleentheid is vorms ingevul en die gegewens is dan weer by die kantore verwerk en die boere daarvan verwittig. Hier volg nou 'n uiteensetting van wat daar nou eintlik met die vorms gebeur en wat daarop verskyn:

„Each form is numbered in the lower left-

hand corner. The "LCP 1" form is completed on the farm at each monthly visit of the Consulting Officer. On the basis of the findings of this, it may be possible to offer immediate advice, especially on feed use. When a group of spot checks have been completed for up to 20 local farmers, they are sent to Head Office, where the "Group Production Costs" LCP 2 is produced from a master stencil, and sent back to each member within a few days. The member is then able to compare his own performance with that of other local members, who he has met at discussion groups and whose farms he may have visited through the contacts made at these discussion meetings.

At the same monthly visit, the Consulting Officer collects details of all the variable costs and returns pertaining to milk production and forage crop production, which were incurred during the previous month. To assist the farmer to record this information, the dairy cards, LCP 33 and LCP 34 are provided. Information is transferred from these on to our working sheets, and from these an Annual Summary of costs and returns is produced at Head Office after 12 months (LCP 37A - 39A). A "league table" is also produced of these annual figures (LCP 41 - 42) for the use of the Consulting Officer in interpreting any member's performance.

In addition to the costings, a test of the milking machine plant is carried out and the forms MMT 2 and 3 are used in connection with this.

Members also receive a "Handbook" file for which articles on matters of current interest in dairy economies and technique are circulated each month."

Hierdie bostaande gegewens bekleemtoon weereens die belangrikheid van produksiekoste-opnames en dat dit alreeds in Engeland op 'n baie groot skaal gedoen word.

6. INDELING VAN DIE STUDIE:

Die indeling van die studie is soos volg:

Hoofstuk I: Terminologiese verantwoording en gebiedsomskrywing.

Hoofstuk II: Materiaal wat bestaan uit
voer en lewende hawe.

In hoofstuk III word arbeid en ondernemers-
loon behandel.

In hoofstuk IV vind ons die bokoste en Ver-
voerkoste.

In hoofstuk V vind ons die winste en verliese.

In hoofstuk VI word die slotopmerkings en
aanbevelings gemaak.

HOOFSTUK I

TERMINOLOGIESE VERANTWOORDING EN

GEBIEDSOMSKRYWING

1. INLEIDING:

Om verwarring te voorkom, aangesien reeds veel verwarring bestaan in verband met die terme wat gebruik word, word hier die verskillende menings van skrywers aangehaal. Daar word saamgestem met die meeste van hierdie skrywers dat 'n mens deeglik die verspillings in gedagte moet hou by die vasstelling van koste.

2. KOSTE:

Hier volg nou die menings van 'n paar outoriteite van wat hulle onder koste verstaan:

(a) H.J. v.d. Schroeff:

Kosten en Kostprys Kosmos - Amsterdam - Vyfde druk bl. 26 sê: „Als kosten zijn alleen die offers aan te merken, die economisch onvermijdbaar voor die totstandkoming van het produkt moeten worden gebracht. In het vervolg van onze beschouwingen zullen wij die onderscheiding tussen offers en koste doorvoeren. De term offer wijst op een opgeofferde waarde, waarbij nog in het midden is gelaten of en in hoeverre de opoffering doelmatig is. Eerst indien de doelmatigheid is vastgesteld kan van kosten worden gesproken. Achter het kostenvraagstuk ligt het vraagstuk van die beoordeling van de doelmatigheid van die voortbrenging. Steeds zal de doelmatigheid van het gebrachte offer moeten worden onderzocht.”

(b) J.L. Meij:

Leerboek der Bedrijfseconomie Deel I
Negende Herziene druk 'S Gravenhage bl. 41 sê

die volgende: „De bepaling van de grootte van die offers bestaat in die vorming van waarde-oordelen. Men noemt de kwantitatiewe voorstelling van de offers bij de ruil de kostprys van het geruilde. Daar het bij de ruil gaat om het afstoten van één of meer eenheden produkt, zullen die offers ook per eenheid produkt moeten worden bepaald.

Niet alle offers echter - het bleek reeds in die voorafgaande paragraaf - die bij die voortbrenging van een bepaald produkt worden gebracht, zijn als kosten van het produktie-proses te beschouwen. We moeten nu trachten de grens te trekken tussen de offers, die wij als kosten van de productie moeten beschouwen en die wij dan in ons waarde-oordeel moeten betrekken en de overige, die dus met als kosten mogen worden aangemerkt."

(c) J.J.W. Neuner:

Cost Accounting - Principles and Practice - Homewood Illinois. Sixth Edition page 3 sê: "It has become necessary to expand the general accounting procedures so that it will be possible, therefore, to determine the cost of producing and selling each article or of rendering a service, not at the end of the fiscal period but at the time the article is being manufactured or the service is being rendered. Only by having immediately detailed figures of the cost of material, labor, and manufacturing overhead, as well as selling and administrative expences for each product, can management exercise effective control."

(d) A.J.E. Sorgdrager:

The particularization of indirect cost in modern costing administration - Ajax Potchefstroom page 44 sê: "Only if sacrifices are efficaciously employed may we speak of costs. This poses the problem for management that the efficiency of production must always be investigated if the sacrifices are efficacious. If this is not the case management has to account for waste in the production process.

The concept of waste has to be studied closely. There is an incorrect tendency to accept the concept of waste and the concept of plus-usage as indential. Plus-usage is not waste. If for the production of several products the same quantity of materials and the same labour time for each product manufactured were constant there would be no problem. Practice differs.

The quantities vary for each product or batch of products. Each labourer has his own tempo and again variances will occur. The quality of materials used vary if only slightly so."

(e) R. Slot:

Kostenvaraibiliteit en Variabele - kosten-
calculatie - Leiden - Tweede uitgebreide druk
bl. 3 sê die volgende oor koste:

"Dit leidt ons er toe, de kosten te omschrijven als in geld gemeten offers welke door het bedrijf worden gebracht. Het kostenbegrip wordt hier dus met a priori beperkt tot de toegestane, toelaatbare, onvermijdbare of economisch doelmatige offers. De gekozen definitie is zo ruim dat met name ook de offers die het gevolg zijn van verspillingen of van onderbezetting van duurzame produktiemiddelen, tot die kosten kunnen worden berekend.

3. KOSPRYS:

(a) H.J. v.d. Schroeff:

(Op cit; bl. 35) definieer kosprys "als de kwantitatiewe voorstelling van het doelmatige offer, dat de produsent moet brengen bij de ruil van de door hem ter markt aangeboden goedere of diensten."

Op bl. 36 gaan v.d. Schroeff verder en sê:

"Ter wille van de eenheid van conceptie en van terminologie wille wij in onze verdere behandeling het begrip kostprijs uitsluitend verbinden aan de kosten van de eenheid van prestatie, waarmede het bedrijf op de verkoopmarkt treedt. Deze eenheid is het produkt door het bedrijf voortgebracht, dan wel in het geval van het dienstverleningsbedrijf, de dienstprestatie. Door die kostprijs aldus te definiëren wordt dit begrip verbonden aan de uiteindelijke kostendrager van het bedrijf, die object is van prijsvorming."

(b) J.L. Meij:

(Op cit; bl. 41) sê kosprys is die volgende:

"Men noemt de kwantitatiewe voorstelling van de offers bij de ruil de kostprijs van het geruilde."

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit dus dat koste daardie doelmatige offers is wat vir die totstandkoming van produksie gebring word en dat onbehoorlike verspiling uitgesluit word.

4. GEBIEDSOMSKRYWING:

Die gebied wat vir die studie gekies is lê in die Bankenveld van die Hoëveldstreek. Die rede is dat die boere van hierdie gebied in so 'n produksiekoste-opname belang stel. Die plase is geleë in Wes-Transvaal en lê in die landdrosdistrikte van Ventersdorp en Carletonville. Op die kaart, bladsy no.59 word die plase aangemerk.

Die titel van die skripsie dui „Rysmierbult" aan. Die rede hiervoor is dat die meeste boere, nl. vier, se plase in hierdie gebied is.

Drie van die boere se plase lê ongeveer 12 myl van Ventersdorp af terwyl vier plase op Rysmierbult geleë is. Een van die plase lê ongeveer 10 myl van Carletonville af terwyl die laaste een ongeveer 12 myl van Derby af is.

Die plase hierbo genoem is dus wyd versprei in die distrikte soos op die kaart aangedui word.

HOOFSTUK II

MATERIAAL

1. INLEIDING:

Materiaal is die fisiese en tasbare wat in 'n produk gesien kan word of wat in 'n produk opgegaan het. By 'n tafel is dit hoofsaaklik die hout, by 'n masjien is dit hoofsaaklik die metaal en by melk is dit hoofsaaklik die voer en die lewende hawe. Materiaal is die grootste kostekategorie by die produksiekoste van melk. 'n Aansienlike deel van die kosprys bestaan uit materiaal en meer in besonder uit voer en lewende hawe. Dit is dus paslik dat hierdie hoofstuk voorafgegaan word deur die menings van verskillende skrywers oor dié onderwerp ten einde 'n duidelike begrip daarvan te verkry.

2. WOORDOMSKRYWING: MATERIAAL

(a) J.L. Meij:

(Op cit; bl. 53) sê: „Nagenoeg elk produksieproses eist aanwending van grondstoffer en hulpmaterialen. De grondstoffer word in het produksieproses bewerk tot produkt. Men spreek hier van passiewe produksiemiddels. De hulpmaterialen diene als hulpmiddel by die bewerk. Zij zijn in het produksieproses veelal als aktiewe produksiemiddels te beschouwen. Praktisch is de scheidingslijn tussen grondstoffer en hulpmaterialen vaak moeilijk te trekken, vandaar, dat we ze hier in één adem noemen.

De eerste vraag, die by die behandeling van deze kostensoort rijst, heeft betrekking op de hoeveelheid der verbruikte grondstoffer en materialen. Ogenschojnlijk lijkt de bepaling van de hoeveelheid uiters eenvoudig. Immers men kan vaststellen, hoeveel er voor elk produkt

of produktieproces aan grondstoffen is afgegeven. Ook kan men door periodieke opname der hoeveelheden het quantum vaststellen, dat voor elk produktieproces blijkt te zijn verbruikt. De aard van het produktieproces zal beslissen, welke dezer methoden moet worden toegepast. Zo eenvoudig is het probleem echter niet. Op de aangegeven wijze bepalen we wel de hoeveelheid, die tijdens het produktieproces tenietgegaan is, niet echter de hoeveelheid die als kosten van het produktieproces moet worden beschouwd. Om deze laatste te bepalen, moeten we nagaan niet wat er aan grondstoffen verbruikt is, maar welk quantum voor het gegeven produktieproces verbruikt zou moeten worden."

(b) A.J.E. Sorgdrager en F.P. Viljoen:

Leerboek van die moderne kosprysadministrasie - Ajax Potchefstroom - bl. 18 sê: „Waar die direkte materiaal of grondstowwe 'n fisiese verandering ondergaan, kan regstreekse materiaal soos volg gedefinieer word: Dit moet moontlik wees om die koste van die materiaal wat aan die produk of taak verbesonder word, te bepaal en te identifiseer."

(c) H.J. v.d. Schroeff:

(Op cit; bl. 109) sê: „De onderscheiding in grond- en hulpstoffen is in wezen een technologiese onderscheiding. In technologiese zin bestaan het verskil tussen grondstoffen en hulpstoffen daarin dat die eerste fisiesch overgaan in het produkt en derhalve van dat produkt deel uitmaken, hetgeen niet het geval is met die hulpstoffen. Deze laatste dragen wel tot die tegniese totstandkoming van het produkt bij, fisiesch zijn zij echter in het produkt niet terug te vinden. Dit tegniese verskil is ekonoomiesch van geen betekenis. Al gaan die hulpstoffen niet tegniesch in het produkt over, in ekonoomiese zin is dat wel het geval, evenals met alle andere produktiemiddels."

(d) H.J. v.d. Schroeff:

(Op cit; bl. 109) sê die volgende m.b.t. die hoeveelheid materiaal verbruik:

„Met betrekking tot die vasstelling van het werkelyke verbruik zijn twee methoden te onderscheiden:

1. de direkte bepaling, hetzij:

- (a) door doorlopende registratie van de kwantiteiten, welke in de produksie omgaan,
- (b) door periodieke voorraadopneming, waarbij uit de mutasie van de voorraad, rekening houdende met de in het tydvak ingenomen hoeveelheden, het verbruikte kwantum per periodi word bepaald."

(e) J.J.W. Neuner:

(Op cit; bl. 602) sê die volgende i.v.m. standarde vir direkte materiaal:

"It is comparatively simple to ascertain the quantity of material to be used in a given unit of manufacture. These standards may be established from records of past experience; from test runs; from mathematical or scientific computations; or through the use of standard bills of material. Current material quantity requirements and their costs are subject to constant examination and revision if necessary - both as to the kind of material and the quantity. An important factor that must be considered in some industries in setting material quantity standards is the standard allowance for waste, shrinkage, and scrap. This spoilage and shrinkage allowance is more important in firms using a raw material which must pass through one or more converting stages than when a firm is merely using a number of purchased parts in assembling a finished product."

3. VOER:

(a) INLEIDING:

Die probleme van voer is die volgende:

- (1) Dit produseer melk.
- (2) Dit verhoog die waarde van die kudde op twee maniere:
 - (a) groei en verbetering van kondisie van koeie en verse;
 - (b) vergroting van veestapel deur aanteel.
- (3) Prys deur aanteel.

Voer verskil hier van normale materiaal deurdat dit nie fisies en tasbaar in die produk gesien word nie, maar in 'n omgesette vorm soos ons dikwels in chemiese prosesse vind. Dit bring nou 'n ander probleem mee nl. die doelmatige omsetting en gebruik van voer deur die melkkoei in die produksie van melk. Dit kan slegs bepaal word deur aantekening van voer gebruik in melkproduksie, wat op sy beurt weer opgeweeg word teen die koste daarvan. Alleen sulke rekords sal seleksie van melkkoeie vergemaklik deur die uitskakeling van ondoelmatige koeie en kudde-opbrengs per eenheid kan dan op hierdie wyse verhoog word. Die kostefaktor neig om hier 'n groot rol te speel soos aangetoon, daarom word nie altyd van melk-aantekening (produksie per koei) gebruik gemaak nie.

(b) VOER AANGEKOOP:

Hier was geen probleem by die vasstelling van die hoeveelheid en prys nie, want die nodige dokumente was beskikbaar waarop die gegewens voorgekom het. Al wat hier onthou moet word, is die beginvoorraad aan die begin van die jaar asook die eindvoorraad aan die end van die jaar wat in berekening gebring moet word.

Die bylaag op bl.63 toon die hoeveelhede aangekoop en verbruik en die prys daarvan.

(c) VOER GEPRODUSEER:

By voer geproduseer, het die probleme opgeduik. Die probleme wat hier ondervind is, was die volgende:

- (i) Hoeveel morge is vir voer gebruik gedurende die jaar?

- (ii) Wat was die opbrengs per morg vir elke gewas?
- (iii) Teen watter prys moes hierdie gewasse by die berekening van die produksiekoste van varsmelk in berekening gebring word?

Dit kan hier net gemeld word dat om die produksiekoste van voer te bepaal net so 'n omvangryke studie as hierdie vereis.

Die gevolg van bogenoemde probleme was dat elkeen van die boere, by wie die opname gemaak is, hom deeglik op hoogte van sy melkboerdery moes hou. Elkeen moes seker maak hoeveel morgte voer geplant of gesaai is en wat die opbrengs per morg van die verskillende gewasse was. Wanneer die studiekomitee dan vergader, is die probleme geopper en dan is daar na deeglike bespreking besluite in verband met die saak geneem.

Die opbrengs per morg het natuurlik verskil van boer tot boer. Sekere boere het waterleigronde besit, terwyl ander dit weer nie gehad het nie. Wat die bewerking van die grond betref, sal daar noodwendig ook verskille van boer tot boer voorkom. Daar is byvoorbeeld gevind dat een boer swaarder bemest as die ander.

Met redelike akkuraatheid is probleem no. (i) hierbo opgelos. Elke boer het homself toe op hoogte gebring wat betref die grootte van sy grond wat onder voer gesit is.

Wat probleem (ii) betref, moes, daar op 'n skatting van die opbrengs staat gemaak word. Die boere het ook deur ervaring geleer wat die opbrengs per morg van elke gewas is.

Wat probleem (iii) betref moes daar tot 'n vergelyk gekom word. Daar is toe op die volgende pryse besluit:

Lusern	-	R19.00 per ton.
Kuilvoer	-	R4.00 - R5.00 per ton.
Tef	-	R15.00 per ton.
Kafferboontjie- hooi	-	R15.00 per ton.
Grondboontjie- hooi	-	R15.00 per ton.

(d) WEIVELD EN WEIDING:

Waar die boere hulle eie plase besit het, is die aantal morges geneem en vermenigvuldig met die prys per morg. Hierdie resultaat is dan met 6% p.j. vermenigvuldig om die totale weidingskoste te bepaal.

Ook hier is slegs die pro rata gedeelte van die weiveld vir die melkkudde, as weiveld ingereken vir die doel van hierdie studie.

Waar boere plase gehuur het, is 'n pro rata gedeelte van die huur as weidingkoste in berekening gebring behalwe by plaas no. 2 waar 'n pro rata gedeelte van die huurgeld by rente op kapitaal ingereken is.

Vir die doel van hierdie studie, werk die boere departementeel met hulle boerdery. Die melkdepartement koop die voer van die saaidepartement. Dan alleen kan die kosprys van melk bepaal word.

4. LEWENDE HAWE:

Hierdie afdeling het aanvanklik baie probleme opgelewer. Die probleem was of die lewende hawe 'n deel van die produksiekoste uitmaak al dan nie. As dit wel 'n deel van die produksiekoste uitmaak, hoe moet dit in die produksiekoste van varsmelk ingereken word?

Uit 'n opname wat deur die „Milk Marketing Board Low Cost Production" in Engeland gedoen is en nog steeds elke jaar gedoen word, blyk dit dat hulle slegs die kalwers as 'n wins of 'n verlies by die inkomste voeg of aftrek.

Die studiekomitee het egter anders oor die saak besluit. Na bespreking is besluit om die kuddewins of -verlies as geheel te bepaal en as deel van die kosprys (debiet of krediet) te beskou, omdat voer o.a. ook die waarde van die kudde kan verhoog of verlaag na gelang van die hoeveelheid en kwaliteit voer waarop besluit word om te voer. Die volgende is 'n fiktiewe voorbeeld:

Eindvoorraad van melkkudde op	
31 Desember 1966	R4,000
<u>Plus</u> verkope gedurende die jaar	<u>R2,000</u>
	R6,000
<u>Min</u> (a) Aankope gedurende die	
jaar	R1,000
(b) Beginvoorraad op	
1 Junie 1966	<u>R,3000</u>
	<u>R4,000</u>
Kuddewins vir jaar	<u><u>R2,000</u></u>

Dit kan natuurlik ook gebeur dat as gevolg van swak pryse waarteen vee verkoop is en groot vrektes, daar gedurende die jaar 'n kuddeverlies kan wees. Die volgende dien as 'n illustrasie:

Eindvoorraad van melkkudde op 31 Desember 1966	R3,000
<u>Plus</u> verkope gedurende die jaar	<u>R1,000</u>
	R4,000
 <u>Min</u> (a) Aankope gedurende die jaar	R2,000
(b) Beginvoorraad op 1 Junie 1966	<u>R4,000</u>
	<u>R6,000</u>
Kuddeverlies	<u>R2,000</u>

Elke boer het sy eie waardasie van sy vee gemaak aan die begin en aan die einde van die jaar (sien bylaag no. 2 bl. 56). Hierdie waardasie is gebaseer op die markpryse soos van toepassing op die tydstip van waardasie. Daar was hoegenaamd geen rede om die waardasie te hoog of te laag te maak nie.

Bylaag no. 1 op bl. 56 gee die aantal beeste asook die waardasie van die kudde aan soos op 1 Januarie 1966.

Bylaag no. 2 op bl. 57 gee die aantal beeste asook die waardasie van die kudde aan op 31 Desember 1966.

Die aantal koeie wat gedurende die jaar kalf, sal verskil van plaas tot plaas. Party boere sal 'n hoë kalfpersentasie per aantal koeie hê, terwyl ander 'n laer persentasie sal hê wat soms toe te skryf is aan omstandighede wat nie altyd onmiddellik bepaal kan word nie.

Die volgende is in artikel no. 17, Junie 1964 deur „Milk Marketing Board Low Cost Production" oor kalwers geskryf:

"Many members of Low Cost Production have been surprised to find an extremely low value of "calves per cow" in their Annual Summary at the year end. In fact the average value of calves retained or sold within a week of birth over all breeds is about £6-10-0d., ranging from £7-12-0d. for Friesians to £3-10-0d. for Channel Island calves.

These figures seem particularly low when one considers the demand and the typical prices paid for calves during the last 18 months, and there appears to be two main reasons for the discrepancy.

- (i) Calf Mortality - when a calf dies, the total income from calves is not increased, but the number of cows is unchanged so that the average value of calf returns per cow, falls.
- (ii) Calving Index - many cows do not calve in a particular twelve month period so that the number of calves produced in twelve months is perhaps only equal to 80% of the number of cows - again resulting in a low value of calf returns per cow."

Nog 'n faktor wat sy invloed gaan hê op die produksiekoste van varsmelk is hoe die koeie verkry word. Daar is drie maniere waarop die koeie verkry kan word:

- (a) Deur koeie te koop wat net klaar gekalf het en dit dan weer te verkoop aan die end van die laktasie, of
- (b) Deur koeie en kalwers te koop en te behou, liewers as om dit self groot te maak.
- (c) Deur self eie verse groot te maak.

Alleen deur ondervinding kan elke boer besluit of hy self sy eie beeste groot wil maak of om beeste te koop. Daar gaan beslis 'n verskil wees tussen die twee metodes wat die koste van voer betref. Die rede hiervoor is dat wanneer die koeie opgedroog het, hulle nog steeds gevoer moet word en sal die produksiekoste dus styg.

Aan die anderkant kan dit gebeur dat wanneer die droë koeie elke keer verkoop word, daar 'n verlies op die aankoopprys gemaak word en dit dus beter sal wees om die koeie te hou totdat hulle weer kalf.

Om voorgaande redes is dit dus duidelik waarom besluit is om die kuddewins of -verlies in berekening te bring by die bepaling van die produksiekoste van varsmelk. Die effek op die wins of verlies van elke boer sal later duidelik blyk en die noodsaaklikheid hiervan andermaal beklemtoon.

Die resultate van die kuddewinste of kuddeverliese word nou vir elke boer afsonder in bylaag no. 3 op bl. 58 weergegee.

Daar was twee boere wat 'n kuddeverlies getoon het nl. dié van plaas no. 2 en plaas no. 8.

In geval van no. 2 was daar 'n onvrugbare bul en die gevolg was 'n lae kalfpersentasie. Hierdie feit het natuurlik ook verder tot gevolg gehad dat melkproduksie laag was.

In geval van plaas no. 8 was daar 'n nie-winsgewende verkoop van beeste gewees wat 'n kuddeverlies veroorsaak het. Dit bring ons weer by die feit dat die melkkudde elke jaar ouer word en wanneer koeie uit produksie raak, is die verkoopprys laer as die aankoopprys.

Nog 'n faktor wat 'n invloed gaan hê op die kuddewins of kuddeverlies is of die boer sy eie bulle het en of hy van kunsmatige inseminasie gebruik maak. Bulle is vandag baie duur en as so 'n bul vrek gaan dit beslis daardie boer se produksiekoste opstoot. As gevolg van die ver afstande van K.I.-stasies is dit vir baie boere

onmoontlik om van K.I. gebruik te maak.

Voer (of materiaal) is een van die vernaamste koste-elemente ook by die produksie van varsmelk netsoos in die meerderheid van gevalle waar produksie plaasvind. In hierdie geval egter, met die besondere probleme soos aangedui.

5. BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS:

Uit die resultate wat verkry is t.o.v. materiaal kan ons nou die onderstaande gevolgtrekkings maak:

(a) TOTALE VOER VERBRUIK:

Totale voer verbruik verteenwoordig 58.53% van die produksiekoste en 73.83% van die verkoopprijs van melk en 23.07c per gelling geproduseer.

(Sien bylaag no. 6 op bl. 63.)

(b) VOER GEPRODUSEER:

- (i) Voer geproduseer beloop 15.19c per gelling of 38.54% van produksiekoste en 48.50% van die verkoopprijs van melk.

(Sien bylaag no. 6 op bl. 63.)

- (ii) Voer geproduseer verteenwoordig 64.97% van die totale voerwaarde verbruik.

(Sien bylaag no. 6 op bl. 63.)

(c) VOER GEKOOP:

- (i) Voer gekoop verteenwoordig 7.88c per gelling of 19.99% van produksiekoste en 25.33% van die verkoopprijs van melk.

- (ii) Voer gekoop verteenwoordig 35.03% van die totale voerwaarde verbruik.

(Sien bylaag 6 op bl. 63.)

(d) STANDAARD OF NORM:

(i) Voer uitgesluit kuddewinste/verliese:

As ons 'n standaard of norm van voer per gelling sou vasstel, dan sal die volgende plase min of meer konstante koste per gelling toon:

Plaas no. 1	-	19.72c
Plaas no. 2	-	18.95c
Plaas no. 3	-	19.03c
Plaas no. 6	-	20.03c
Plaas no. 8	-	19.49c.
Plaas no. 9	-	21.49c.

Hierdie voerkoste per gelling varieer dus tussen 18.95c en 21.49c, 'n verskil van 2.54c per gelling.

Vir hierdie ses plase is die gemiddeld 19.8c wat ons as norm per gelling aanvaar.

Ons kan dus uit bostaande gegewens konkludeer dat 'n norm vir voerkoste per gelling tussen 19c en 21.5c moet wees wat ons dan ook vir die doeleindes van hierdie studie as 'n norm aanvaar.

Omdat ses uit nege van die boere binne hierdie norm val en dit dus as die modus voorkom, daarom word dit as norm aanvaar. Plase nommers 4, 5 en 7 val dus buite hierdie norm.

(Sien bylaag no. 6 op bl. 63.)

(ii) Voer ingesluit kuddewinste/verliese:

(a) Kuddewinste/verliese - 'n norm

Uit bylaag no. 4 op bl. 60 kan ons nou 'n norm vir kuddewinste aflei. Die volgende plase sal binne hierdie norm val:

Plaas no. 1	-	4.17c per gelling.
Plaas no. 3	-	3.73c per gelling.
Plaas no. 5	-	4.68c per gelling.
Plaas no. 6	-	3.25c per gelling.
Plaas no. 9	-	4.71c per gelling.

Hierdie norm vir kuddewinste lê dus tussen 3.25c en 4.71c per gelling wat vir ons 'n totale variasie van 1.46c per gelling gee.

Vir hierdie vyf plase is die gemiddeld 4.11c per gelling wat ons as norm per gelling aanvaar.

Ons aanvaar bogenoemde as 'n norm omdat vyf van die nege plase binne hierdie norm val en dus 'n modus vorm.

Plaas no. 5 val buite hierdie norm omdat daar 'n abnormale kuddewins ontstaan het. Plaas no. 7 het 'n kuddewins van 5.71c per gelling gehad terwyl plase nommers 4 en 8 kuddeverliese getoon het van 2.53c en 1.90c per gelling onderskeidelik.

(Sien bylaag no. 4 op bl. 60.)

(b) 'n Norm vir voer (met insluiting van kuddewinste/verliese)

As die kuddewinste en -verliese nou in berekening gebring word by die voerkoeste, sal die volgende plase as norm vir voerkoste gebruik kan word

Plaas no. 1	-	15.55c per gelling.
Plaas no. 3	-	15.30c per gelling.
Plaas no. 6	-	16.78c per gelling.
Plaas no. 9	-	16.78c per gelling.

Ons kan dus die norm stel op tussen 15.30c en 16.78c per gelling of 'n gemiddeld van 16.10c per gelling.

Plase nommers 2, 4, 5, 7 en 8 val dus buite hierdie norm.

Plase nommers 5 en 7 sou ook in hierdie norm geval
voer-
het as dit nie was vir hulle buitensporige hoë verbruik
nie. Plaas no. 5 het die hoogste voerverbruik gehad nl.
25.74c per gelling terwyl plaas no. 7 se verbruik 24.85c
per gelling was.

(Sien bylaag no. 6 op bl. 63.)

Kuddewinste verteenwoordig 10.40% van produksiekoste
of 13.11% van die verkoopprijs van melk.

Kuddeverliese verteenwoordig slegs 0.86% van die
produksiekoste of 1.96% van die verkoopprijs van melk.

HOOFSTUK III

ARBEID EN ONDERNEMERSLOON

1. INLEIDING:

Arbeid is die dienste wat deur 'n werknemer deur middel van sy krag en/of intellek aan die werkgewer verskaf word in afwagting vir 'n vergoeding.

Ten einde 'n duidelike begrip van arbeid vir die doël van hierdie studie te verkry, word eerstens gelet op die arbeid soos in die literatuur beskryf en dan die probleem van arbeid in melkrproduksie.

2. ARBEID: LITERATUUR

(a) J.L. Meij:

(Op cit; bl. 114) sê: „Behalwe van het prestasievermogen zijn de kosten van die arbeidsprestasie ook afhankelijk van de bereidwilligheid van de arbeider tot presteren. Het maakt een groot verschil of de arbeider bereid is zijn prestatie tot die hoogste graad van zijn kunnen op te voeren, of dat hij slechts het minimum geeft, dat, gezien zijn capaciteiten; redelijkerwijs van hem worden verlangd.

Op deze bereidwilligheid heeft, zoals moderne onderzoekingen hebben aangetoond, ook de groep waarbinnen de arbeider is geplaatst invloed. Het gaat er dus niet alleen om dat de arbeider werk krijgt dat aangepast is aan zijn prestasievermogen, zijn capaciteit maar ook dat de voorwaarden waaronder hij tewerkgesteld wordt en de groep waarin hij wordt geplaatst een zo gunstig mogelijke invloed hebben op zijn bereidheid zijn prestatie vermogen aan te wenden."

(b) H.J. v.d. Schroeff:

(Op cit; bl. 246) sê: „De voornaamste oorzaak van de afwijkende gedragingen in vergelijking met de dode produktiemiddelen is gelegen in de

omstandigheid, dat de arbeidskracht gebonde is aan de persoon van de arbeider. Het individu is drager van het arbeidsvermogen. Deze omstandigheid geeft aan de menselijke arbeidskracht haar bijzondere karakteristiek. Door de gebondenheid van de arbeidskracht aan de persoon van de arbeider zijn alle fysische en psichische invloeden, welke op het individu inwerken, ook van invloed op zijn arbeidscapaciteit en zijn arbeidsprestaties. Niet technologische faktore bepaal - zoals bij de dode produktiemiddelen - de grootte van de capaciteit. De menselijke faktor doet zijn intrede, hetgeen beteken, dat alle faktore en omstandighede, die zich in het menselijk leuen voordoene, hun invloed op de grootte van het arbeidsvermogen doen geldene. Fysische faktore (de fysische gesteldheid van het individu, diens gezondheid, de leeftij) zowel als psichische faktore beïnvloeden het arbeidsvermogen waarby tot de laaste valt te rekenen de psichische gesteldheid van het individu, een lust - dan wel onlustgevoel by de arbeid, dat of voortkomt uit de omstandighede, waaronder de arbeid moet worden verricht of in omstandighede gelegen kan zijn, die het persoonlik leuen van de arbeider betreffen."

Uit bogenoemde blyk dit dat daar verskeie faktore bydra om die beste toestand te verkry waaronder die werker kan werk en wat sy prestasievermoë ten volle kan benut.

3. ARBEID:

By die ondersoek wat gedoen is, was een van die probleme hoe om die arbeid in berekening te bring. Slegs die arbeid wat direk met die produksie van melk bemoeid is, is geneem. Sodra daar die minste twyfel bestaan of die werkers tot die algemene boerdery of tot die melkboerdery behoort, is die werkers weggelaat in die berekeninge.

Daar is gevind dat die werkers by verskillende boere op verskillende maniere betaal is. Sekere boere gee

elke dag aan die werkers rantsoene in die vorm van melk, terwyl ander dit weer nie doen nie. Daar is gevind dat net sekere boere jaarliks oorpakke en waterskoene vir hulle werkers koop. Wat algemeen voorgekom het, was dat die werkers voor die voet maandeliks meelrantsoene ontvang het asook 'n deel van hulle salaris in die vorm van kontantloon. Die kontantloon het gewissel van boer tot boer en die gevolg is dat die produksiekoste vir hierdie kostesoort ook van boer tot boer verskil het.

Daar is op twee plase gebruik gemaak van voormanne nl. plase nommers 4 en 7. Hierdie voormanne was verantwoordelik vir die melkdepartement op die plase.

Die vraag ontstaan onwillekeurig of die arbeid op elke plaas op die bes moontlike wyse aangewend word. Is daar nie miskien 'n verspilling a.g.v. die feit dat sekere arbeidskragte nie elke dag ten volle benut word nie?

4. ONDERNEMERSLOON:

Ondernemersloon het die studiekomitee aanvanklik probleme veroorsaak. Die probleem was om 'n basis te bereken om ondernemersloon toe te deel aan melkproduksie as een van die boerdery afdelings.

Daar is toe besluit om ondernemersloon te bereken volgens die skaal wat betaal word in die geval van die mielieprys, nl 30% van die prys van mielies soos in die 1964/65 seisoen van toepassing. (Jaarverslag: Raad van Beheer oor die Mielienywerheid - 30 April 1961 tot 1965).

Vir die boere met voormanne is die voormanne se

salaris eers van die ondernemersloon afgetrek en die res aan die boere toegedeel.

5. BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS:

Uit bylaag no. 18 op bl.76 kan ons die volgende gevolgtrekkings t.o.v. arbeid maak:

(a) Arbeid - Insluitend ondernemersloon:

Arbeid verteenwoordig 12.11c per gelling of 30.73% van die produksiekoste en 38.92% van die verkoopprijs van melk met insluiting van ondernemersloon. As ons nou 'n norm per gelling geproduseer vir arbeid hier wil vasstel, dan sal die volgende plase in aanmerking kom:

Plaas no. 1	-	11.79c
Plaas no. 3	-	10.62c
Plaas no. 4	-	11.85c
Plaas no. 6	-	11.25c
Plaas no. 7	-	11.90c
Plaas no. 9	-	10.99c

Hierdie plase toon dus 'n variasie van tussen 10.62c en 11.90c nl. 1.28c met 'n gemiddeld van 11.40c wat ons hier as norm wil aanvaar.

Plase nommers 2, 5 en 8 val dus buite hierdie norm van ons. (Sien bylaag op bl. 76.)

(b) Arbeid - Met insluiting van Ondernemersloon

Wanneer ondernemersloon buite rekening gelaat word, verteenwoordig arbeid slegs 3.19c per gelling of 10.10% van die produksiekoste en 10.25% van die verkoopprijs van melk.

In teenstelling met voer, maak arbeid dus 'n baie kleiner gedeelte van die produksiekoste van varsmelk uit.

As ons nou 'n norm vir arbeid so vasstel, dan sal die volgende plase in aanmerking kom:

Plaas no. 1	-	2.61c per gelling
Plaas no. 2	-	3.06c per gelling
Plaas no. 3	-	1.32c per gelling
Plaas no. 4	-	4.02c per gelling
Plaas no. 5	-	3.80c per gelling
Plaas no. 6	-	2.11c per gelling
Plaas no. 7	-	3.72c per gelling
Plaas no. 8	-	3.49c per gelling
Plaas no. 9	-	1.86c per gelling

Dit gee vir ons 'n gemiddeld van 2.88c per gelling vir al die plase - wat in hierdie geval as norm geneem word.

(Sien bylaag no. 8 tot 17)

(c) Ondernemersloon:

- (i) Ondernemersloon verteenwoordig 8.92c per gelling of 22.63% van die produksiekoste en 28.67% van die verkoopprijs van melk.
- (ii) Ondernemersloon beloop 73.65% van die totale arbeid, terwyl lone van bantoes, salarisse van voormanne, rantsoene en ongevallefondse saam 26.35% van totale arbeid bedra. (Bylaag
- (iii) Uit bostaande lei ons af dat ondernemersloon 'n baie belangrike rol speel in die produksiekoste van varsmelk en kan dus nie sommeer oor die hoof gesien word nie.

BOKOSTE EN VERVOERKOSTE

A. BOKOSTE

1. INLEIDING:

Bokoste is daardie koste wat nie direk tot 'n sekere produk toegedeel kan word nie. Bokoste het te doen met alle produkte wat vervaardig word en die probleem is hoe om dit na 'n spesifieke produk of kostesentrum toe te deel. As ons aan bokoste dink dan dink ons aan die salaris van die bestuurder en kantoorpersoneel, die persone wat die masjiene skoonmaak en die gebou skoonvee en nog ander. Ten einde 'n duidelike begrip van bokoste vir die doel van hierdie studie te verkry, word eerstens gelet op die bokoste soos in die literatuur beskryf.

2. BOKOSTE: LITERATUUR

(a) J.L. Meij:

(Op cit; bl. 179) merk die volgende op in verband met „constante en variabele kosten“:

„Het probleem van de bedrijfsdrukte dankt zijn ontstaan aan het feit, dat de kosten zeer verschillend reageren op uitbreiding of inkrimping der produktie. Men is gewoon om de kosten in verband hiermede te onderscheiden in constante en variabele kosten. Constante kosten zouden dan ongevoelig zijn voor veranderingen in de bedrijfsdrukte, variabele kosten daarentegen gaan met de bedrijfsdrukte op en neer. We achten het trekken van een dergelijke scheidingslyn het gevolg van een in onze wetenschap meermalen te constateren

zucht te generaliseren. Deze neiging heeft herhaaldelijk tot foutieve conclusies gevoerd en ook hier is het niet anders. Er is geen principieel verschil tussen constante en variabele kosten. Alle kosten variëren met de bedrijfsdrukte. Er kan echter in twee opzichten verschil bestaan in de wijze waarop ze variëren.

In de eerste plaats constateren wij een verschil met betrekken tot de intervallen, waarin die variatie optreedt, vervolgens kunnen die variaties proportioneel (fig. 1), progressief (fig. 3) en degressief (fig. 2) aan de bedrijfsdrukte zijn."

FIG. 1




FIG. 2





FIG. 3



(b) J.M. Clark:

Studies in the economics of overhead costs
- The University of Chicago Press bl. 1 defini-
nieseer bokoste soos volg:

"What are 'overhead costs'? The term is nowadays much used and variously defined in fact, it covers an entire family of ideas, but they have one essential thing in common. They refer to costs that cannot be traced home and attributed to particular units of business in the same direct and obvious way in which, for example, leather can be traced to the shoes that are made from it. And most of the real problems involve one other fact, namely, that an increase or decrease in output does not involve a proportionate increase or decrease in cost. There is a deal of complexity in the attempts that are made to trace the untraceable costs or to assign them on some rational basis, or to discover the true added costs of added business, but at the bottom of most of these complexities lies a fact that is simple. That fact is unused productive capacity, or capacity of which full advantage is not taken."

(c) J.J.W. Neuner:

(Op cit; bl. 220) noem die volgende in verband met bokoste:

"In the conversion of direct materials into a finished product, numerous indirect costs in addition to the cost of direct labour, are required. Many different terms have been used to refer to this group of costs, viz: factory expense, factory overhead, factory burden, loading, and on-cost. Although each of these terms refers to the same items, the more exact accounting terminology does not favor the term factory expense, since the term expense denotes a current consumption or expiration of an asset or service, whereas in cost accounting the various indirect costs are transferred into a new asset, first as work-in-process cost and later as finished goods cost. Therefore, in recent years, the terms factory or manufacturing overhead and manufacturing burden have come to be considered more appropriate terms for the indirect costs."

(d) A.J.E. Sorgdrager en F.P. Viljoen:

(Op cit; bl. 80) sê oor die indeling van bokoste die volgende:

"Om dan tot 'n korrekte verdeling en toedeling van die uitgawes te kan kom, is 'n verdere onderverdeling noodsaaklik. Die indeling wat gewoonlik gebruik word, is soos volg:

- (a) Fabrieksuitgawes.
- (b) Verkoops- en distribusie-uitgawes.
- (c) Administratiewe uitgawes.

Om dit noukeurig te kan doen, is dit noodsaaklik om die verdeling in drie stadia te behartig:

- (a) Versameling en byeenvoeging van uitgawes.
- (b) Toedeling van uitgawes.
- (c) Berekening van en die standaard-toedeling van die uitgawes."

3. BOKOSTE - PRODUKSIE VAN VARSMELK:

Uit die ondersoek wat gedoen is, kan ons die volgende bokoste onderskei:

(a) Vaste Bokoste:

Dit is koste wat nie varieer by uitbreiding of inkrimping van produksie nie.

- (a) Salaris: Voormanne.
- (b) Rantsoene: Voormanne.
- (c) Waterbelasting.
- (d) Lisensiestalle.
- (e) Elektrisiteit: Basiese heffing.

(b) Veranderlike Bokoste:

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit duidelik dat hierdie koste varieer wanneer daar 'n daling of 'n styging in die produksie kom. Hierdie variasie kan progressief, degressief of proporsioneel verloop volgens Figure 1, 2 en 3. Die volgende veranderlike bokoste het na vore gekom by die ondersoek na die produksiekoste van varsmelk:

- (i) Staluitgawes.
- (ii) Die maandelikse verbruik van elektrisiteit indien dit gereeld basiese heffing oorskry.
- (iii) Reparasies aan melkkanne en melkkanne aangekoop.
- (iv) Oorpakke en waterskoene.
- (v) Onderhoud koeler.
- (vi) Algemene uitgawes.
- (vii) Reparasies aan melkmasjiene.
- (viii) Veemedisyne en vee-artse.
- (ix) Rente op kapitaal.
- (x) Koste melkaantekening.
- (xi) K.I.-koste.

Elkeen van bogenoemde veranderlike bokoste word nou nader toegelig.

(i) STALUITGAWES:

In Engels heet hierdie woord „Dairy supplies" en hieronder verstaan ons items soos besems, borsels, melksalf, filtreerders, ens. Dit vorm nie 'n baie groot deel van die produksiekoste van varsmelk nie, maar dit kan nie sonder meer weggelaat word as daar op produksiekoste

per gelling gekom wil word.

(ii) DIE MAANDELIKSE VERBRUIK VAN ELEKTRISITEIT

Aangesien al die eenhede elektrisiteit wat op die plaas verbruik word nie net vir melkproduksie was nie, moes hier noodwendig 'n pro rata-gedeelte vir die melkboerdery bereken word. Hierdie verdeling het verskil van plaas tot plaas. By sekere boere is een derde aan melkproduksie toegereken, terwyl die res tussen huisverbruik en ander boerderye verdeel is. Sommige boere het weer die helfte van die eenhede elektrisiteit vir die melkboerdery toegereken en die res vir die ander bedrywighede op die plaas bereken, ingesluit huisverbruik.

(iii) REPARASIES AAN MELKKANNE EN MELKKANNE
AANGEKOOP:

Uit die ondersoek het geblyk dat hier soms onnodige onkoste ontstaan, deurdat die melkkanne erg verniel word. Hierdie onkoste behoort in 'n groot mate uitgeskakel te word, wanneer daar met die massahantering van melk begin word.

Daar is twee redes waar om 'n boer melkkanne sal aankoop, nl.:

- (i) Wanneer die bestaande kanne so verroes of beskadig is dat dit glad nie meer gebruik kan word nie.
- (ii) Wanneer 'n boer besluit om sy produksie op te stoot, moet hy noodwendig nuwe kanne aankoop waarin die melk vervoer word. Die prys van 'n gewone 10-gellingkan is nou R10.09 by die koöperasie, terwyl die nuwe soort aluminiumkanne wat glad nie induik nie, se prys R32.00 is.

(iv) OORPAKKE EN WATERSKOENE:

Daar is gevind dat die meeste boere een keer per jaar aan elke Bantoe 'n oorpak verskaf, terwyl ander boere ook nog waterskoene verskaf. Hierdie koste vorm ook 'n baie klein gedeeltetjie van die produksiekoste van varsmelk.

(v) ONDERHOUDSKOSTE KOELER:

Dit verteenwoordig die koste wat aangegaan is om die koelers met hul enjins in goeie werkende toestand te hou. Diesel en olie wat gebruik is in die verskillende enjins is ook hierby ingereken asook waardevermindering.

(vi) ALGEMENE UITGAWES:

Onder hierdie item word die uitgawes toegedeel soos bankkommissie, skryfbehoeftes, telefoon, insektedoders, bespuiting van lande, ens.

(vii) REPARASIES AAN MELKMASJIENE:

Daar word gereeld na die melkmasjiene omgesien dat dit in goeie orde is. Hierdie onkoste kan soms baie groot wees, al na gelang van die toestand waarin die melkmasjiene verkeer.

(viii) VEEMEDISYNE EN VEE-ARTSE:

Eers wanneer daar werklik rekord van gehou word hoeveel veemedisyne gekoop word, kan gesien word watter deel van produksiekoste hierdie item uitmaak. By hierkoste is vir die doel van hierdie ondersoek oo veeartskoste ingesluit.

(ix) RENTE OP KAPITAAL:

Hierdie rente is met 'n doel by veranderlike bokoste ingesluit. Dit kan onder sekere omstandighede by vaste bokoste ingesluit word, maar hoe meer grond en hoe meer koeie gekoop word, hoe groter sal die rente wees. Wanneer koeie aangekoop word deur die landbank of deur middel van 'n ander lening, word al die rente by die melkproduksie bygereken.

H.J. v.d. Schroeff (Op cit; bl 91) sê die volgende van rente: "De rente-offers hebben geen zelfstandige bestaan, zij zijn oorzakelijk met de kosten van de verschillende kostensoorten verbanden en maken deel daarvan uit."

Wanneer daar egter grond aangekoop word, moet daar weer op 'n pro rata-basis rente bereken word hoeveel aan die melkproduksie toegeken kan word. Veronderstel 'n boer koop 'n plaas deur die landbank. 'n Deel van die plaas word onder mielies gesit, terwyl 'n ander deel gebruik word vir ander beeste en die res vir die boerse melkbeeste, moet daar tog sekerlik 'n deel van die rente aan die melkproduksie bygereken word.

In die hoofstuk oor materiaal het ons wel weiveld in berekening gebring deur die aantal morg met die prys per morg te vermenigvuldig en dan 6% rente daarop te bereken.

Vir die doel van hierdie studie is rente bereken op die gemiddelde melkkudde en op die stalle en toerusting @ 6½% p.j.

Die vloeroppervlakte van stalle is bereken en dan met R2 per vk. vt. vermenigvuldig. Die resultaat hiervan is dan met 6½% p.j. vermenigvuldig.

Waar boere hulle plase huur is 'n pro rata gedeelte van die huur van die plaas aan die melkboerdery toegeken. By plaas no. 4 is daar nie rente op kapitaal t.o.v. die stalle nie omdat 'n pro rata gedeelte van die jaarlikse huur alreeds by weiveld in berekening gebring is.

(x) KOSTE MELKAANTEKENING:

Dit is koste wat betaal word om koeie maandeliks te toets vir produksie om te sien watter koeie uitgeskakel behoort te word.

(xi) KUNSMATIGE INSEMINASIE:

Daar is twee boere wat gebruik maak van K.I. Die K.I. koste bedra omtrent R1 per dosis en as 'n groot aantal koeie nie besit word nie, is dit nie die moeite word om dit te gebruik nie.

B. VERVOERKOSTE

Die melk word elke dag met vragwaens op die boere se plase opgelaaai en aan die verskillende melkerye geneem. Hiervoor betaal die boere vervoerkoste wat wissel van 2.9c tot 3c per gelling. Dit vorm van 8% tot 10% van die totale verkoopprijs van melk. Die redes waarom die persentasie skommel is dat die boere nie almal ewe ver van die melkerye af woon nie en omdat die verkoopprijs van melk nie konstant is nie.

Hierdie vervoerkoste sal seker verander wanneer die massavervoer van melk in werking gestel word en die boere op 'n kwaliteit basis vir die melk vergoed word.

4. GEVOLGTREKKINGS:

Die volgende gevolgtrekkings kan nou t.o.v. bokoste gemaak word o.a. uit die gegewens van bylaag no. 17 op bl. 74.

- (a) Bokoste verteenwoordig 7.99c per gelling, 20.28% van die produksiekoste en 25.68% van die verkoopprijs van melk.
- (b) 76.00% van die totale bokoste of 5.86c per gelling word deur transport na depots en rente op kapitaal in beslag geneem.
- (c) Die res van die bokoste beloop slegs 2.13c per gelling of 24.00% van die totale bokoste van die produksiekoste van melk.

Ons sien dus dat hierdie res van die bokoste, d.i. transport na depots en rente op kapitaal uitgesluit, 'n baie klein deel van die produksiekoste van melk uitmaak nl. 5.80%.

- (d) Met uitsluiting van die vervoerkoste wat op gemiddeld 2.8c per gelling uitwerk en met uitsluiting van plase no. 2 en 6 is die gemiddelde bokoste vir die ander plase 4.88c per gelling wat ons as norm wil aanvaar.
- (e) Volgens die gegewens in bylae no. 18 bl. 76 word die volgende duidelik:
 - (i) sewe van die nege boere se bokoste varieer tussen 16.79% en 24.71%. Dit is 'n verskil van 7.92%.
 - (ii) Plase nommers 2 en 7 val buite hierdie persentasies nl. 40.06% en 27.11%. Plaas no. 7 val nie ver buite die grense nie, maar a.g.v. baie lae produksie het plaas no. 2 buite hierdie persentasie geval.
- (f) Uit die gegewens verkry uit bylaag no. 19 op bl. 76 kan ons dieselfde gevolgtrekkings maak:
 - (i) Ses van die plase se bokoste varieer tussen 22.29% en 27.21%, d.i. 4.92% van die verkoopprijs van melk.

- (ii) Drie van die nege plase, nl. nommers
2, 5 en 6 se bokoste is 44.37%, 29.53%
en 30.22% van die verkoopprijs van melk.
Hulle val dus buite die grense van
22.29% en 27.21% wat as 'n norm gestel
is.

HOOFSTUK V

WINSTE EN VERLIESE

1. INLEIDING:

Wanneer 'n kleinhandelonderneming byvoorbeeld sy goedere gedurig teen 'n verlies verkoop ten einde mee te ding, dan sal ons vind dat hierdie onderneming baie gou sal moet sluit. Wat is die rede? Die rede is dat die sukses van 'n onderneming afhang van die wins wat gemaak word en nie van die verlies wat gemaak word nie. Dieselfde beginsel wat by 'n kleinhandelonderneming van toepassing is, vind ons op die boer se plaas. Wanneer die boer gedurig teen 'n verlies produseer, moet hy sy boerdery staak, want sy kapitaal sal sodoende ver-teer word.

2. KOSTE, VOLUME, WINSVERHOUDING:

Elke melkboer wil graag weet of hy gedurende die jaar 'n wins of 'n verlies gemaak het. Om sake te vergemaklik word die inkomste, koste en wins eers in 'n diagramatiese vorm gegee wat die gemiddeld vir al die boere saam bevat. Hier word gebruik gemaak van die sogenaamde „Koste-volume-winsverhouding“, wat ons vind die volgende skrywers aan aandag gegee het:

(a) J.J.W. Neuner:

(Op cit; bl. 793 en 794) het die volgende omtrent die onderwerp te sê gehad:

"The success of a business is generally attributable, in great measure, to the ability of its Management personnel to cope with probable conditions of the future. Short-range as well as long-term plans must be made today for the business operations of tomorrow, and this is accomplished by sound management evaluation of not only the potentials of tomorrow but also its pitfalls.

The success of a business is most frequently measured in terms of profit. Profit is dependent on three basic factors - the selling price of the product, the costs of manufacturing and distributing the product, and the volume of sales. No one profit factor is independent of the others because cost determines the selling price to arrive at a desired rate of profit; the selling price affects the volume of sales; the volume of sales directly influences the volume of production; and the volume of production influences the cost. This relationship of COST-VOLUME-PROFIT, frequently abbreviated to C-V-P, means that accounting must play a vital role in the planning function because management must have adequate data to properly appraise the probable effects of tomorrows profit opportunities."

Neuner gaan verder aan deur te sê: "A popular starting point in C-V-P analysis which has been used for many years is the break-even chart. Its practical applications have gone beyond just the determination of the break-even point - the volume level at which the income from sales is just sufficient to cover all costs."

(b) J.L. Meij:

(Op cit; bls. 264 en 265) sê die volgende omtrent die koste-volume-winsverhouding:

"Wanneer de bedrijfshuishouding voor haar produkt een bepaalde prijs heeft bepaald rijst voor haar de belangrijke vraag bij welke omzet de koste juist worden gedekt of anders uitgedrukt bij welke omvang zij begint winst te maken.

Men noemt dit punt het dode punt of in navolging van die Angelsaksische literatuur, die tegenwoordig aan dit voor ons vrij oude probleem veel aandacht schenkt, het "break-even point".

Het break-even point zoals we dit punt in het vervolg eveneens zullen noemen, kan worden bepaald door een schaal opbrengsten bijde gegeven prijs, of anders uitgedrukt een omzetschaal, te stellen tegenover de kostenschaal. Het punt,

waarbij opbrengsten en kosten samenvallen, is het break-even point.

Gemakkelijk valt dit punt vast te stellen door gebruik te maken van een grafische voorstelling van kosten en opbrengsten. Bij deze grafische bepaling splitst men gewoonlijk de kosten in een constant en een variabel deel. Noodzakelijk is dit niet aangezien het ten slotte slechts gaat om de bepaling van het snijpunt van totale kosten - en totale opbrengstcurve."

(c) H.J. v.d. Schroeff:

Hy gebruik die term „Kritische omzet" vir „break-even point" en op bl. 329 van Kosten en Kostprijs sê hy:

„Uit het feit, dat een deel van de offers vaststaat ongeacht de omvang van de produksie, vloei voort, dat er een minimum opbrengst moet zijn, willen alle voor de produksie en afzet gebrachte offers een dekking vinden. Bij deze omzet is de verkoopopbrengste juist gelijk aan het totaal van de gebrachte offers. Ook de constante offers worden bij deze omzet uit de opbrengst gedekt; is de omzet kleiner, dan zal voor een deel van de constante offers (c.q. kosten) geen vergoeding worden gevonden en ontstaat een verlies. Eerst als de omzet groter is, zal sprake zijn van winst."

3. „DIRECT COSTING" METODE:

Direkte koste kom daarop neer dat die koste van die onderneming in vaste en veranderlike koste verdeel word. Vaste koste sal op 'n korttermyn nie varieer met 'n toename in produksie nie. Veranderlike koste daarenteen is baie gevoelig vir 'n verandering in produksie. In die volgende paragrawe sien ons wat verskillende skrywers se menings omtrent die onderwerp is.

(a) J.L. Meij:

(Op cit; bls. 250 en 251 konstateer die volgende i.v.m. hierdie direkte koste metode:

"Men gaat er daarbij van uit, dat de kosten verdeeld kunnen worden in variabele kosten, waarvan men aanneemt dat zij proportioneel met die produktie-omvang variëren en vaste kosten, die niet met de produktie-omvang veranderen."

Meij gaan verder deur te sê:

"De "direct-costing"-metode leent zich volgens dit rapport ook beter voor vraagstukken als het accepteren van incidentele orders en de daarvoor te bepalen prijzen, de voortzetting van het produktie-proces in het algemeen of van de produktie van bepaalde artikelen onder ongunstige marktverhoudingen.

Men ziet dat "direct costing" neerkomt op een differentiële kosten beschouwing. De bezwaren door ons hiertegen aangevoerd gelden ook voor "direct costing".

Evenals differentiële kostenbeschouwing is "direct costing" slechts van betekenis voor vraagstukken van bedrijfsbeleid op korte termijn".

(b) J.J.W. Neuner:

(Op cit; bl. 768) het die volgende op te merk oor "direct costing":

"Conventional cost systems, in matching cost and revenue to determine periodic income, distinguish between manufacturing and nonmanufacturing costs. These systems, commonly referred to as "absorption costing", use predetermined overhead rates which apply both fixed and variable costs to production without recognition of the amount of the fixed application or the amount of the variable application.

In contrast "direct costing" systems, in matching cost and revenue to determine periodic income, recognize the distinction between direct (variable) and period (fixed) costs. It is this distinction between direct and period costs that is the basis of the direct costing concept!

"Direct costs" (or "variable costs") tend to vary directly with the volume of production; "period costs" are incurred to keep facilities ready for manufacturing and marketing regardless of the extent to which such facilities are utilized".

(c) R. Slot:

(Op cit; bl. 77) het die volgende op te merk

oor „direct costing“:

„Direct costing“ is deze eenvoudigste vorm mene wij te kunnen omschrijven als een zodanige wijze van kostenberekening dat de vaste en de variabele kosten consequent op afzonderlike rekeningen worden geadministreerd, slechts de variabele kosten aan de verschillende kosten-dragers worden toegerekend en de vaste kosten rechtstreeks in één bedrag ten laste van de resultaterekening worden gebracht. In verband hiermede staat dat men de variabele kosten veel-al bestempelt als 'product costs' en de vaste kosten als 'period costs'."

(d) H.J. v.d. Schroeff:

(Op cit; bl. 469) sê:

„De gedachte die aan de methode ten grondslag ligt, betreft de verschillende gedragingen van de kosten bij wijzigingen in de omvang van produktie en afzet, een verschijnsel dat in de voorgaande hoofdstukken reeds onze aandacht heeft gehad. De Direct Costing-methode (in het vervolg af te korten met D.C.) verbindt aan dit verschil bijzondere consequenties. De methode berust op de onderscheiding in variabele en constante kosten, waaruit reeds valt af te leiden, dat de term „Direct Costing“ niet gelukkig is. In plaats van deze bekende termen hanteert de D.C.-methode de onderscheiding:

- Product costs (lees: variabele kosten), die afhankelijk zijn van de omvang van die produkte, c.q. afzet,

- Period costs, d.z. kosten afhankelijk van het verloop van de tijd en onafhankelijk van de omvang van produktie of afzet.

In de calculatie worden alleen de variabele kosten (product costs) opgenomen. De constante offers en kosten (period costs) gaan rechtstreeks naar de resultatenrekening."

4. RESULTAATREKENING:

Bylaag no. 17 op bl. 74 gee nou die resultaat van hierdie studie aan. Soos reeds opgemerk in die hoofstuk oor bokoste, is besluit om die vaste koste en veranderlike koste vir die doel van hierdie studie bymekaar te

voeg.

Bylaag no. 43 op bl. 104 toon in 'n grafiese vorm die produksiekoste van die drie elemente nl. materiaal, arbeid en bokoste, ondernemersloon ingesluit en bylaag no. 42 op bl. 103 die grafiek met uitsluiting van ondernemersloon. By vergelyking van hierdie twee grafieke met mekaar, word dit baie duidelik dat ondernemersloon, soos hier bereken, 'n verlies vir elke boer tot gevolg het. Hierdie aspek word in Hoofstuk VI breedvoerig bespreek.

5. PRODUKSIEKOSTE:

Die inkomste van die boere is verkry deur middel van die maandelikse opnames op die plase gedoen. (Bylaag no. 7 op bl. 64 toon die totale inkomste aan.)

Bylaes no. 27 tot 37 gee 'n volledige stel maandstate vir Januarie tot November 1966 soos van die Melkraad ontvang. Op hierdie maandstate kan die pryse gesien word wat die boere elke maand ontvang het asook die aantal gellings melk en die surplusse.

Die bylaes nommers 8 tot 16 bls. 65 tot 73 toon die produksiekoste vir die nege individuele boere aan. Die bespreking van die koste elemente is alreeds in die verskillende hoofstukke oor materiaal, arbeid en bokoste gedoen. Uit hierdie genoemde bylaes kan die boere nou sien hoe sy produksiekoste saamgestel is.

Op bl. 17 bylaag no. 74 kan die produksiekoste vir al die boere saam waargeneem word.

BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS:

Uit die verskillende produksiekostestate op bls.
tot kan die finale gevolgtrekkings vir hierdie studie
gedoen word.

(a) Indien ondernemersloon by produksiekoste ingesluit word:

- (i) Daar was nie een boer wat 'n wins op sy melkproduksie getoon het nie. (Sien bylaag 20 op bl. 78.)
- (ii) Die produksiekoste vir al die boere saam het 39.41c beloop teenoor 'n inkomste van 31.11c per gelling.
- (iii) Die verlies per gelling vir al die boere saam het 8.31c bedra.
- (iv) Die totale aantal gellings waarmee gewerk is, het 485,944.04 beloop met 'n totale inkomste van R151,152.09.
- (v) Op die totale omset van R151,152.09 is 'n verlies van R40,362.91 gemaak.
- (vi) Hierdie verlies verteenwoordig 21.08% van die produksiekoste of 26.71% van die verkoopprijs van varsmelk.
- (vii) Die totale produksiekoste bedra R191,515.00 teenoor 'n inkomste van R151,152.09.

(b) Indien ondernemersloon uitgesluit word by produksiekoste:

- (i) Wanneer ondernemersloon uitgesluit word by produksiekoste, dan is daar vyf boere wat op 'n wins werk en vier boere wat op 'n verlies werk. (Sien bylaag no. 21 op bl. 79.)
- (ii) Die produksiekoste beloop nou 30.49c per gelling teenoor 'n inkomste van 31.11c.
- (iii) Sonder die ondernemersloon word daar 'n wins van 0.61c per gelling gemaak.

- (iv) Wanneer die ondernemersloon buite rekening gelaat word, is daar 'n totale wins van R2,992.74.
- (v) Hierdie totale wins van R2,992.74 verteenwoordig 'n wins van 0.6c per gelling,

HOOFSTUK VI

SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS

(a) SLOTOPMERKINGS:

(i) INLEIDING:

Die produksie en die verbruik van varsmelk hang nou saam by die bepaling van die melkprys. Die groot probleem wat jaarliks in die vier beheerde gebiede nl. Bloemfontein, Kaapse Skiereiland, Pretoria en Witwatersrand voorkom, is die geweldige oorskot van melk.

Hierdie oorskot van melk is te wyte aan die feit dat daar gedurende die somermaande wanneer gras volop is, 'n groot melkproduksie is. Wanneer die gras nou in die winter doodryp en ook a.g.v. die koue, is die produksie nie meer so hoog as in die somer nie. Ons het dus hier met 'n seisoenskommeling te doen wat vererger word oor die kersvakansie met skole wat gesluit is en ander verbruikers wat met vakansie weg is. Die oorsaak is dus nie, soos dikwels beweerd word, ondoeltreffendheid nie, maar seisoenskommeling in die produksie.

In bylaag no. 23 op bl. 84 word die gemiddelde daaglikse produksie vir 1963/64; 1964/65 en 1965/66 weergegee. As ons dit nou vergelyk met die gemiddelde daaglikse verbruik (bylaag no. 24 op bl. 85) dan sien ons dat daar 'n groot verskil is nl. die produksie oortref die verbruik.

Ons lei van die tabelle af dat die hoogtepunt in die produksie van varsmelk gewoonlik aan die einde van die jaar is terwyl die laagtepunt hier van April tot Julie is.

Bylaes nommers 38 tot 41 op bladsye 99 tot 102 toon baie duidelik hoe hoog die produksie werklik bo die verbruik is. Hierdie diagramme is vir die gebiede Kaapse Skiereiland, Witwatersrand, Bloemfontein en Pretoria. Die tydperk wat die diagramme dek is vir die jaar geëindig 30 Junie 1965.

Uit die diagramme kan ons aflei dat die verbruik = produksie alleen in die Pretoria gebied en wel in April 1965 oortref het! Die ander gebied waar die verbruik amper dieselfde is as produksie is die Witwatersrand gebied en wel ook in April 1965. Gedurende die res van die jaar beweeg die produksielyn al verder van die verbruiklyn totdat die hoogtepunt in Januarie en Desember bereik word wanneer die produksie die verste van die verbruik verwyder is soos ons kan aflei van die verskillende grafieke op bladsye

Die vraag wat nou onwillekeurig ontstaan is wat word met die surplussmelk gedoen. Die Melkraad probeer om die surplussmelk op die mees voordeligste wyse van die hand te sit. Uit die bylaag no.26 op bl. 87 kan gesien word na watter sektore die surplussmelk gaan.

Uit hierdie tabel kan afgelei word dat die grootste gedeelte van die surplusse na die vervaardiging van melkpoeier gaan en daarna volg die vervaardiging van kaas.

Bylaag no.25 op bl.86 toon die produsenteprys van varsmelk vir die jare 1962/63; 1963/64 en 1964/65.

Daar moet ook onthou word dat daar 'n verskil is tussen die prys wat die produsent vir sy melk ontvang en die prys wat gerealiseer word. Van die produsenteprys moet die nodige heffings en nog afgetrek word en die boer

sal dan die res ontvang.

Die volgende heffings is gedurende 1966 van die produsenteprys afgetrek, nl.:

Na Junie 1966:

Algemene heffing	.4 sent per gelling.
Stabilisasiefonds	.1 sent per gelling.
Reklamefonds	.2 sent per gelling.
Kwaliteit aankope	.5 sent per gelling.
Somer heffing	<u>3.0</u> sent per gelling.
TOTAAL	<u>4.2</u> sent per gelling.

Op 'n vraag aan die Sekretaris van die Melkraad, waar die huidige melkprys vandaan kom, is gesê dat die verbruikersprys van melk omstreeks 1962 geneem is, daarvan is 'n redelike winsafslag afgetrek vir die distribueerder en die res moes dan die prys wees wat die boer vir sy melk ontvang.

Bostaande beklemtoon andermaal die noodsaaklikheid van 'n behoorlike wetenskaplike prysvasstelling vir varsmelk as om bloot vanaf 'n syfer te werk.

(ii) MATERIAAL:

Soos in Hoofstuk II uiteengesit, is die norm vir voerkoste bepaal op 19.80c voor inagneming van kuddewinste en na inagneming 16.10c per gelling of 51.77% van die verkoopprijs en 64% van die produksiekoste wat as norm gestel is op 26.66c per gelling uitsluitend die ondernemersloon.

Die ~~norm~~ produksiekoste van melk is soos volg bereken met uitsluiting van ondernemersloon:

Materiaal volgens hoofstuk II	R16.10
Arbeid, volgens hoofstuk III	2.88c
Bokoste volgens hoofstuk IV	
Vervoerkoste	2.80c
Ander	<u>4.88c</u>
	26.66c
Wins	<u>4.45c</u>
Verkoopprijs	31.11c

Die verhouding van voer gekoop en voer self geproduseer, uit die gegewens versamel, het blykbaar geen invloed op die voerkoste per gelling gehad nie.

(iii) ARBEID:

By arbeid is die groot vraagstuk dié van uitsluiting of insluiting van ondernemersloon. Omdat die boer sy diens aan die melkery lewer, moet daar tog vir hom 'n vergoeding daarin wees. Hierdie aspek vereis verdere studie en oorweging wat in hierdie studie nie so intensief op ingegaan is nie.

Indien ondernemersloon uitgesluit word, vorm arbeid maar 2.88c per gelling, 9% van die verkoopprijs en 10.8% van die normproduksiekoste van melk nl. 26.60c per gelling.

(iv) BOKOSTE:

Die vernaamste items hier is die rente op kapitaal en vervoerkoste. Rente op kapitaal verteenwoordig 3.06c per gelling en vervoerkoste 2.80c. Die ander bokoste items beloop 1.82c per gelling of 5.85% van die verkoopprijs en 6.80% van die normkosprys.

(b) AANBEVELINGS:

Dit is baie duidelik dat materiaal (voer) alleen die grootste persentasie van die produksiekoste van varsmelk uitmaak, net soos in die geval van die meeste ander ondernemings. Dat die varsmelkprodusent hiervan bewus is, kan seker nie betwyfel word nie, maar dat hy nie bewus is watter deel dit wel uitmaak, kan seker ook nie betwyfel word nie.

Voer moet dus die grootste aandag kry, want hier kan dan ook die grootste kostebesparing teweeg gebring word en dus bepaal of teen 'n wins of verlies geproduseer kan word.

Met voer gaan mee die kuddebeheer wat 'n gemiddeld (krediet) van 3.70c per gelling (norm) gelewer het in hierdie studie.

Dit kan dus afgelei word dat voer en kuddebeheer die twee vernaamste sake is waaraan aandag gegee moet word in die beheer van koste. Andersyds moet aan die inkomste, d.w.s. produksie net soveel aandag gegee word.

As gevolg van die probleem watter koeie geneem moet word vir die produksie per koei, het ons nie hierdie saak breedvoerig uitgewerk nie. Dit vereis 'n melkaantekening wat omvangryk is. Hierdie aspek vereis ook verdere en deeglike studie om tot 'n behoorlike oplossing van hierdie probleem te kom.

Arbeid en bokoste vorm 'n kleiner persentasie van die koste en vereis dus nie dieselfde gekonsentreerde en volgehoue aandag soos voer nie en ook omdat hierdie koste meer van 'n vaste aard is.

Uit die voorgaande probleme wat tot dusver nie bevredigend opgelos kon word nie nl. ondernemersloon en die produksiesy is dit moeilik om tot 'n positiewe gevolgtrekking t.o.v. die melkprys te kom.

Indien ondernemersloon op die basis van die ondernemersloon ingesluit by die prys van melies geneem word, nl. 30% van die prys van die melies, kom dit voor dat die prys van varsmelk op die huidige tydstip ontoereikend is om 'n redelike vergoeding aan die produsent te lewer inagnemende die risiko verbonde aan die produksie van varsmelk.

Plaas	Aantal bulle	Waardasie in R c	Aantal koeie	Waardasie in R c	Aantal verse 2-3 Jaar	Waardasie in R c	Aantal verse 1-2 Jaar	Waardasie in R c	Aantal kalwers	Waardasie in R c	Totale waardasie van kudde
No. 1	2	470.00	89	6,675.00	-	-	22	660.00	8	40.00	7,845.00
No. 2	1	200.00	36	3,600.00	8	200.00	17	340.00	1	10.00	4,350.00
No. 3	3	400.00	78	9,360.00	6	480.00	19	760.00	47	470.00	11,470.00
No. 4	2	460.00	137	10,960.00	-	-	46	1,840.00	-	-	13,260.00
No. 5	3	270.00	290	40,600.00	24	2,400.00	81	4,860.00	33	660.00	48,790.00
No. 6	5	400.00	87	11,310.00	50	5,000.00	55	4,400.00	32	800.00	21,910.00
No. 7	4	1,200.00	309	46,350.00	80	6,000.00	56	3,300.00	70	1,400.00	58,250.00
No. 8	1	160.00	53	6,360.00	14	560.00	-	-	10	200.00	7,280.00
No. 9	2	700.00	90	5,850.00	57	1,710.00	-	-	28	280.00	8,540.00
TOTALE	23	4,260.00	1,169	141,065.00	239	16,350.00	296	16,160.00	229	3,860.00	181,695.00

BRON: EIE WAARNEMING

Plaas	Aantal bulle	Waardasie in R c	Aantal koeie	Waardasie in R c	Aantal verse 2-3 Jaar	Waardasie in R c	Aantal verse 1-2 Jaar	Waardasie in R c	Aantal kalwers	Waardasie in R c	Totale waardasie van kudde
No. 1	2	470.00	89	6,675.00	16	800.00	8	280.00	20	400.00	8,625.00
No. 2	1	200.00	37	3,700.00	25	625.00	11	220.00	10	100.00	4,845.00
No. 3	1	200.00	72	8,640.00	11	880.00	9	360.00	46	460.00	10,540.00
No. 4	2	460.00	151	12,944.00	-	-	37	1,480.00	29	290.00	15,174.00
No. 5	1	90.00	133	21,280.00	118	14,160.00	49	2,940.00	43	460.00	38,930.00
No. 6	10	500.00	112	14,560.00	27	2,700.00	42	3,360.00	74	1,850.00	22,970.00
No. 7	4	1,200.00	339	50,850.00	38	2,850.00	113	5,650.00	83	1,660.00	62,210.00
No. 8	1	160.00	50	6,000.00	20	800.00	-	-	20	400.00	7,360.00
No. 9	2	700.00	110	7,150.00	57	1,710.00	-	-	28	280.00	9,840.00
TOTAAL	24	3,980.00	1,093	131,799.00	312	24,525.00	269	14,290.00	353	5,900.00	180,494.00

BRON: EIE WAARNEMING

BYLAAG NO. 3

KUDDEWINS OF -VERLIES VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 31 DESEMBER 1966

	Plaas No. 1	Plaas No. 2	Plaas No. 3	Plaas No. 4	Plaas No. 5	Plaas No. 6	Plaas No. 7	Plaas No. 8	Plaas No. 9	TOTAAL
Eindvoorraad van melkkudde op 31 Desember 1966	8,625.00	4,845.00	10,540.00	15,174.00	38,930.00	22,970.00	62,210.00	7,360.00	9,840.00	180,494.0
Plus Verkope gedurende die jaar	136.60	1,444.30	2,022.39	468.30	16,164.12	2,243.15	3,000.00	740.35	840.00	27,059.2
Subtotaal	8,761.60	6,289.30	12,562.39	15,642.30	55,094.12	25,213.15	65,210.00	8,100.35	10,680.00	
Min (a) Aankope ge- durende die jaar		1,019.50			60.00	1,613.20		1,500.00		7,536.7
Subtotaal		5,259.80			55,034.12	23,599.95		6,600.35		
Min (b) Beginvoor- raad op 1 Janua- rie 1966	7,845.00	4,350.00	11,470.00	13,260.00	48,790.00	21,910.00	58,250.00	7,280.00	8,540.00	181,695.0
Kuddewins	916.60	919.80	1,092.39	*961.70	6,244.12	1,689.95	6,960.00	*679.65	2,140.00	21,604.2

BRON: DIE WAARNEMING

*KUDDEVERLIES



VOER, KUDDEWINSTE EN -VERLIESE1 JANUARIE 1966 - 31 DESEMBER 1966SENT PER GELLING

PLAAS	TOTALE VOER	KUDDE	RESULTAAT
No. 1	19.72c	-4.17c	15.55c
No. 2	18.95c	-10.76c	8.19c
No. 3	19.03c	-3.73c	15.30c
No. 4	23.41c	+2.53c	25.94c
No. 5	25.74c	-4.68c	21.06c
No. 6	20.03c	-3.25c	16.78c
No. 7	24.85c	-5.71c	19.14c
No. 8	19.49c	+1.90c	21.39c
No. 9	21.49c	-4.71c	16.78c
GEMIDDELD	23.07c	3.76c	19.31c

- DUI KUDDEWINS AAN

+ DUI KUDDEVERLIES AAN

TOTAAL VIR NEGE BOERE1 JANUARIE 1966 - 31 DESEMBER 1966

	1		2		3		4		5		6	
	Kuil- voer	R	Lusern	R	Kaffer- bontjies	R	Tef	R	Gemaalde Kopmeel	R	Weiveld	R
	Ton		Ton		Ton		Ton		Sak			
No. 1	225	900.00	52.5	997.50					149	481.27		370.00
No. 2	71	375.00	22	418.00								
No. 3	250	1,250.00			8.25	123.75						504.00
No. 4	200	800.00	120	2,280.00								1,400.00
No. 5	1,512	6,048.00	70	1,330.00	140	2,520.00	420	6,720.00				2,100.00
No. 6	500	1,750.00					200	3,000.00				
No. 7	1,750	8,750.00	133	2,527.00								
No. 8	340	1,700.00	60	1,140.00								
No. 9	400	1,200.00	72	1,368.00	87.5	1,400.00						1,500.00
		22,773.00		10,060.50		4,043.75		9,720.00		481.27		5,874.00

VOER GEPRODUSEER EN VERBRUIK (VERVOLG)

7		8		9		10		11		12		TOTAAL
Mielie-meel	R	Grondboontjiehooi	R	Eragrostus	R	Radyse	R	Grondboontjiemeel	R	Hay-grazer	R	
Sak		Ton		Ton		Ton		Ton				
75	286.50											3,035.27
												793.00
384	1,221.12	21	315.00	5	50.00	25	125.00	6.35	127.00			3,715.87
		100	1,500.00								239.60	6,219.60
												18,718.00
												4,750.00
4,380	15,242.40											26,519.40
		120	1,800.00									4,640.00
												5,468.00
	16,750.02		3,615.00		50.00		125.00		127.00		239.60	73,859.14

1 JANUARIE 1966 - 31 DESEMBER 1966

Plaas	Voer Gekoop	Sent per gell.	Persen- tasie van Totale voer	Voer ge- produseer	Sent per gell.	Persen- tasie van Totale voer	Totale voer verbruik	Sent per gell.	Persen- tasie van Produksie- koste*	✓Persen- tasie van Verkoop- prys
	R			R			R			
No. 1	1,296.65	5.90c	29.09%	3,035.27	13.82c	70.91%	4,331.92	19.72c	55.71%	64.44%
No. 2	826.98	9.67c	51.07%	793.00	9.28c	48.93%	1,619.98	18.95c	54.94%	60.41%
No. 3	1,865.85	6.38c	33.43%	3,715.87	12.69c	66.57%	5,581.72	19.07c	56.28%	61.52%
No. 4	2,665.57	7.02c	30.00%	6,219.60	16.39c	70.00%	8,885.17	23.41c	51.04%	75.61%
No. 5	15,591.00	11.71c	45.44%	18,718.00	14.04c	54.56%	34,309.00	25.75c	61.77%	81.41%
No. 6	5,604.17	10.84	54.12%	4,750.00	9.19c	45.88%	10,354.17	20.03c	53.80%	66.53%
No. 7	3,818.00	3.12	12.55%	26,519.40	21.73c	87.45%	30,337.40	24.85c	62.84%	79.57%
No. 8	2,316.48	6.49	30.30%	4,640.00	13.00c	69.70%	6,956.48	19.49c	47.49%	63.16%
No. 9	4,298.74	9.46c	44.02%	5,468.00	12.04c	55.98%	9,766.74	21.50c	62.13%	70.70%
TOTAAL	38,283.44	7.88c	35.03%	73,859.14	15.19c	64.97%	112,142.58	23.08c	58.53%	74.18%

BRON: EIE WAARNEMING

Die heffings is klaar van hierdie verkooppys afgetrek
 *Ondernemingsleë ingesluit

1 JANUARIE 1966 TOT 31 DESEMBER 1966

AFSONDERLIK EN IN TOTAAL VIR ALLE BOERE

PLAAS	Melk verkoop		Ekwivalent vir room verkoop		Huis-verbruik		Rantsoene: Voormanne en Bantoes		TOTAAL		*Netto Inkomste per gelling
	Gelling	R c	Gelling	R c	Gelling	R c	Gelling	R c	Gelling	R c	
No. 1	21,234.90	6,519.89			730.00	201.48			21,964.90	6,721.37	.30599
No. 2	7,870.00	2,487.70			365.00	104.76	314.50	90.26	8,549.50	2,682.72	.31368
No. 3	28,809.90	8,946.45			379.00	106.88	137.00	38.63	29,325.90	9,091.96	.31003
No. 4	37,165.70	11,516.98			365.00	102.57	422.00	128.58	37,952.70	11,748.13	.30955
No. 5	121,070.00	38,697.00			1,825.00	511.00	10,370.00	2,948.80	133,265.00	42,156.00	.31633
No. 6	46,071.70	14,204.74	4,894.00	1,365.43	722.00	201.44			51,687.70	15,771.61	.30513
No. 7	114,770.70	36,054.05			365.00	103.66	6,935.00	1,969.54	122,070.70	38,127.25	.31234
No. 8	32,531.60	10,134.89	1,825.00	514.65	730.00	205.86	608.00	171.48	35,694.60	11,026.88	.30862
No. 9	41,781.04	12,795.51	12,920.00	823.44	732.00	206.42			45,433.04	13,825.37	.30407
TOTAAL	451,305.54	141,357.21	19,639.00	2,703.52	6,213.00	1,744.07	18,786.50	5,347.29	485,944.04	151,152.09	.31105

*Hierdie bedrag sluit vervoerkoste na die depots in

INKOMSTE- EN UITGAWESTAAT

PLAAS NO. 1

1 JANUARIE 1966 - 31 DESEMBER 1966

		Totaal R	Per gell.	Persen- tasie van produksie- koste	Persentasie van ver- koopprys
<u>INKOMSTE:</u>					
Melk verkoop	21,234.90 gell.	6,519.89			
Eie gebruik	730.00 gell.	201.48			
Rantsoene	-	-			
Gerroom	-	-			
Totaal	21,964.90gell.	6,721.37	* 30.59c		

PRODUKSIEKOSTE:

1. Materiaal

Voer gekoop	1,296.65	5.90c	16.67%	19.29%
Voer geproduseer	3,035.27	13.82c	39.04%	45.18%
	4,331.92	19.72c	55.71%	64.47%
Min Kuddewins	916.60	4.17c	11.78%	13.63%
	3,415.32	15.55c	43.93%	50.84%

2. Arbeid

Lone	480.00			
Rantsoene	96.00			
Voorman	-			
Ongevallefonds	7.50			
Ondernemersloon	2,016.41	2,599.91	11.79c	33.50%
				38.54%

3. Bokoste

Staluitgawes	4.76			
Elektrisiteit	160.00			
Reparasies: melk- masjiene	44.50			
Oorpakke en water- skoene	32.00			
Voemedisyne en vee- artse	37.77			
Melkkanne aangekoop	51.75			
Waterbelasting	8.10			
Lisensiestalle	6.00			
Transport na depots	617.02			
Rente op kapitaal	808.74	1,770.64	8.06c	22.57%
				26.35%

TALE PRODUKSIEKOSTE 7,785.87 35.40c 100%

TTO VERLIES 1,064.50 4.81c 13.59% 15.72%

*Heffings is alreeds afgetrek. Bron: Eie waarneming.

PRODUKSIEKOSTE (ONDERNEMERS-
LOON UITGESLUIT)

5,769.46 26.22c

INKOMSTE- EN UITGAVESTAAT

PLAAS NO. 2

1 JANUARIE 1966 -- 31 DESEMBER 1966

	Totaal R	Per gell.	Persen- tasie van produksie- koste	Persen- tasie va verkoop- prys
INKOMSTE				
Melk verkoop 7,870.00 gell.	2,487.00			
Eie gebruik 365.00 gell.	104.76			
Rantsoene 314.50 gell.	90.26			
Gerroom -	-			
		*		
8,549.50 gell.	2,682.72	31.37c		

PRODUKSIEKOSTE:

Materiaal:

Voer gekoop	R826.98	9.67c	28.04%	30.83%
Voer geproduseer	793.00	9.28c	26.91%	29.59%
	1,619.98	18.95c	54.95%	60.42%
Min kuddewins	919.80	10.76c	31.19%	34.30%
	700.18	8.19c	23.76%	26.12%

Arbeid

Lone	82.00			
Rantsoene	176.36			
Voorman	-			
Ongevallefonds	3.75			
Ondernemersloon	804.81	1,066.92	12.48c	36.18%
				39.78%

Bokoste

Staluitgawes	76.42			
Elektrisiteit	132.32			
Veemedisyne en vee-artse	22.41			
Melkkanne aangekoop	18.34			
Algemene uitgawes	12.15			
Transport na depots	229.70			
Rente op kapitaal	690.50	1,181.84	13.82c	40.06%
				44.37%

TOTALE PRODUKSIEKOSTE

2,948.94 34.49c 100%

ETTO VERLIES

266.22 3.12c 9.04% 9.95%

PRODUKSIEKOSTE (ONDERNMERSLOON UITGESLUIT)

2,144.13	25.07c
----------	--------

*Heffings is alreeds afgetrek.

Bron: Eie waarneming.

INKOMSTE- EN UITGAWESTAAT

PLAAS NO. 3

1 JANUARIE 1966 - 31 DESEMBER 1966

	Totaal R	Per gell.	Persen- tasie van produk- sie koste	Persen- tasie van verkoop- prys
<u>INKOMSTE:</u>				
Melk verkoop 28,809.90 gell.	8,946.45			
Eie gebruik 379.00 gell.	106.88			
Rantsoene 137.00 gell.	38.63			
Geroom -	-			
	<u>29,325.90</u>	<u>9,091.96</u>	<u>31.00c</u>	

PRODUKSIKOSTE:

Materiaal:

Voer gekoop	1,865.85	6.36c	18.81%	20.52%
Voer geproduseer	<u>3,715.87</u>	12.67c	37.47%	40.87%
	5,581.72	19.03c	56.28%	61.39%
Min kuddewins	1,092.39	3.73c	11.03%	12.63%
	<u>4,489.33</u>	<u>15.30c</u>	<u>45.25%</u>	<u>48.76%</u>

Arbeid:

Lone	283.20			
Rantsoene	98.79			
Voorman	-			
Ongevallefonds	5.00			
Ondernemersloon	2,727.60	3,114.59	10.62c	31.42%
				34.30%

Bokoste

Staluitgawes	145.89			
Elektrisiteit	88.88			
Reparsies melkmasjien	60.77			
Veemedisyne en vee-artse	44.47			
Melkkanne aangekoop	30.80			
Melkaantekeningkoste	48.60			
Algemene uitgawes	2.35			
Verkoeler onderhoud	103.65			
Lisensie: stalle	6.06			
Rente op kapitaal	942.70			
Transport na depots	835.50	2,309.67	7.88c	23.33%
				25.42%

TOTALE PRODUKSIKOSTE

9,913.59 33.81c 100%

NETTC VERLIES

821.63 2.81c 8.31% 9.06%

